

Tema 5: Voedsel en verskillende gemeenskappe

Week 4

Datum: _____



'n Lekker skep pampoën. (Ds. Peter Louw)

Nugget is van kleins af geleer om al die kos op sy bord op te eet. Ma en Pa was hieroor onversetlik. Hulle het geglo dat 'n mens nie met kos mag mors nie. Buitendien is dit goed vir jou om alles te eet. Dit hou 'n mens gesond en laat jou sterk word.

Natuurlik het hy hulle geglo. Hulle weet mos die beste. Dit maak nie saak hoe hard hy probeer het nie, van pampoën kon hy nie hou nie. Dit was veral die smaak van die wit boerpampoene wat hy nie kon verdra nie. Gelukkig was ma altyd 'n bietjie genadig. Hy het altyd sy pampoën afgewurg en sy gesig so getrek dat Ma goed verstaan het dat hy nie van pampoën hou nie.

Op 'n dag het hulle by Nugget se oom en tannie op hulle plaas in die Vrystaat gaan kuier. Daar was soveel nuwe dinge om te sien en te ontdek. Nugget was vroegoggend reeds uit die bed uit en besig om die plaas te verken. Dit was tog te lekker.

Gou-gou het die oggend verbygevlieg en die honger het aan Nugget se maag begin knaag.

Toe hy 'n slag na die son kyk, besef hy dat dit naby etenstyd moes wees. Daarom kies hy dadelik koers huis toe. Hy was nog op die werf, toe hoor hy al die borde en skottels klinkel. Vinnig stap hy na die badkamer om sy hande te gaan was. Hy gaan sit aan die tafel. Terwyl hy so sit, bring die bediendes die skottels vol kos eetkamer toe.

Tussen die skottels was daar een groot, wit skottel wat vir Nugget opgeval het. Om een of ander rede het dit vir hom gelyk asof daar iets lekkers in moes wees. Iets soos soetpatats. Of dalk kerriefrikkadelle.

Nadat oom Danie die seën gevra het, word die deksels van die skottel afgehaal en Nugget kyk verslae daarna. Die bak is vol goudgeel pampoën.

Hy verloor sommer dadelik sy eetlus toe hy net daaraan dink dat tannie Sarie dalk vir hom gaan inskep - sommer so 'n berg van die pampoene!

Gelukkig doen sy dit nie. Sy vra vir Ma om vir die kinders in te skep. Nugget slaak sommer 'n sug van verligting. Hy het regtig nie kans gesien vir 'n groot skep boerpampoen nie. Hy trek skelmpies Ma se aandag en beduie dat sy vir hom 'n baie klein skeppie moet inskep.

Toe ma sy bord voor hom neersit lyk alles daarin heerlik as die pampoen nou net nie daar was en so vir hom gegluur het nie. Hy maak toe maar soos wat hy altyd doen en eet die pampoen so vinnig as wat hy kon op. Amper met een sluk! Dankie tog, dink hy, nou is dit verby!

Juis net toe kyk tannie Sarie op en glimlag breed. "Ek sien die pampoen is vir jou baie lekker, kyk net hoe vinnig eet jy dit op." "Hier," sê sy en skep vir hom nog 'n paar groot lepels pampoen in sy bord.

Vir 'n oomblik is daar doodse stilte. Pa en Ma bars uit van die lag, maar sê nie vir tannie Sarie waarom hulle so lekker lag nie. Nugget is heeltemal verslae. Hy kan nie meer 'n happie pampoen eet nie. Hy vroetel met sy vurk deur die pampoen en besluit hy gaan dit nie eet nie!

Hy haal stil stil sy sakdoek uit en sit dit oop op sy skoot neer. Hy skep 'n groot skep pampoen en maak of hy dit na sy mond toe bring, maar hy hap nie en toe laat hy die lepel stadig sak en gooi die pampoen op die sakdoek op sy skoot. Hy maak ook so met die res van die pampoen in sy bord.

Na 'n rukkie lê al die pampoen op die sakdoek en hy lyk baie tevrede met homself. Oom Danie dank vir die kos en Nugget staan vinnig op. Hy het die sakdoek toegevou en voor by sy hemp ingedruk. Oom Danie klap hom hard op die maag en sê: "Hier, maar jou magie is lekker vol!" Dis toe dat die vreeslike ding gebeur. Jy sien net pampoen spat in alle rigtings. Almal weet nou wat Nugget gedoen het en hy loop kop onderstebo uit die vertrek. Hy is so skaam. Terwyl hy loop dink hy dat Spreuke 10 vers 9 darem waar is. "Wie opreg leef, leef sonder vrees, maar die wat krom paaië loop word uitgevind." Ja, die beste is om maar eerlik te wees. Hy sal maar gaan verskoning vra en probeer om nou 'n reguit pad te loop.

Datum: _____



Goeie Tafelmaniere

Koen is 'n voorbeeldige seun met goeie tafelmaniere. Hy kan homself goed aan tafel gedra.

Wanneer hy by die tafel aansit is sy hande gewas, sy klere is skoon en sy hare netjies gekam. Hy groet almal beleefd en sê hoe lekker die kos ruik.

Nou help hy Mamma om al die bakke op die tafel te plaas. Pappa bid voordat die gesin begin eet. Koen wag vir die grootmense om eerste te skep. Hy skep net 'n klein porsie van alles in. Koen eet baie stadig want dit is gesond.

Na ete gebruik Koen sy servet om sy mond af te vee. Hy bedank Mamma vir die lekker kos. Hy help Mamma om die tafel af te dek. Mamma gee vir Koen 'n drukkie en 'n soen om dankie te sê.



Lees die storie.

Skryf twee sinne oor jou eie tafelmaniere:

• _____

• _____

• _____

• _____




Heeltemal anders

Bennie is soet maar Lisa is stout!
Kyk daar maak sy ASPRIS weer 'n fout!

Elsa kry warm kan jy dit glo.
Ek trek gou my jas aan, ... oeps ... onderstebo.
En dit nou? vra Ma, wat is die fout?
Niks Ma, ek kry net vreeslik koud.



Die vlieër vlieg hoog ...
en nou is hy weer laag.
Kom nou wind, jy lag vir my
en dis net jou skuld dat ek dit nie reg kan kry.



Die somer is hier, 'n kortmou rok vir my .
Tot die winter ons weer beet gaan kry.
My langmourok moet ek dan aantrek ...
anders bibber ek.



My pop is nuut maar joune is oud.
Ma sê daar is niks mee fout.
Sy is nog net so dierbaar vir my
soos die dag dat ek haar kon kry.



Jou boek is dun maar myne is dik.
Dit lyk my ek gaan nog skryf dat ek hik.
Lees die leesstukkies en kleur die teenoorgesteldes
in.




Datum: _____

Muskiet

P. Grobbelaar

Haai! Muskiet jou zoemerige ding:
Al op die een noot
Sing, sing, sing.

Zoei teen die dak,
en zoei! om my kop,
zoei! teen my neus -
en daar sit die knop.



Nee-a, Muskiet
Laat staan nou jou nuk,
of ek sal jou mos
papelelletjies druk.

- Lees die gedig.
- Leer die gedig en sê dit vir jou maat.
- Teken jouself - 'n muskietbyt op jou neus.

Datum: _____



Die hoogmoedige Muskiet

Al die diere in die bos weet dat Leeu die koning is. Hulle is onderdanig aan hul koning - almal behalwe Muskiet!




Muskiet het hom nie aan Leeu gesteur nie en sommer voor hom gaan water drink. Hy het gesê: "Hy is tog net 'n leeu. Hy is nou wel groter en sterker as ek, maar ek is glad nie bang vir hom nie. Ek sal hom enige tyd klop in 'n geveg!" Toe Leeu hierdie grootpraterij hoor, is hy baie boos. "Jy is 'n verspote klein snip," sê Leeu en draai sy rug op die grootprater.

Muskiet vererg hom en steek Leeu op sy neus. "Auu" brul Leeu, maar voor hy iets kan doen, piets Muskiet hom op sy oor. Leeu probeer sy oor vryf, maar Muskiet is weer reg en klits hom op die sagte pienk vleis tussen sy tone.

"Eina!" skreeu Leeu woedend en klap na Muskiet. Muskiet vlieg rats uit sy pad en gaan sit eenkant en lag te lekker. Moedeloos en stert tussen die bene is Leeu daar weg. Muskiet dink hy is nou die koning. "Van nou af moet almal voor my buig!" sê hy.

Terwyl hy nog so spog, vlieg hy kaplaks! in 'n spinnerak vas. "Help my tog!" skreeu hy benoud. Spinnekop lek sy lippe af vir die sappige happie. "Slim het nou sy baas gevang."



Lees die leesstuk en antwoord die vrae op die volgende bladsy.



Datum: _____

Beantwoord die vrae:

1. Wie het geweet dat Leeu die sterkste was?

2. Wie het hom glad nie aan Leeu gesteur nie?

3. Wat het Leeu vir Muskiet gesê?

4. Waarom kon Leeu nie vir Musiet raak klap met sy poot nie?

5. Waarom het Spinnekop vir Muskiet gesê: "Slim het sy baas gevang?"

6. Wat beteken dit as ons sê: "Slim het sy baas gevang"?

- Vertel die verhaal in jou eie woorde vir 'n maat.

- Lees die lang woorde in lettergrepe vir 'n maat.

on-der-da-nig - luister en doen

groot-pra-ter - iemand wat spog

groot-pra-te-ry-sterker
iemand wat sê hy is groter of

ver-spot-te - lawwe

snip - iemand wat stories vertel

- Sê ook wat elke woord beteken.

Datum: _____



Vra die raaisels vir jou maat:


1. Wie gaan deur 'n hek al is hy toe?
(adp)
2. Hy kan sing en hy kan praat, maar hy kan nie loop nie?
(diora)
3. As hy opgaan, is hy klein; as hy afkom, is hy groot.
(tuigvlieg)
4. Waar kom die maan nooit op nie?
(naelvinger)
5. Wie praat so hard dat duisende dit kan hoor?
(weredondre)
6. Watter kat kan nooit kan miaau nie?
(ktaees)
7. As hy opstaan is hy blou; as hy val is hy wit.
('n rbander)
8. Watter soort water kan mens met 'n vurk skep?
(neeus)
9. Wie kan nie by die kerslig sien nie?
('n mandeblin)
10. Hy kan spring, maar het nie bene nie.
(lab)



Meervoude: Kort klanke

Datum: _____

Onthou jy nog die reël?
As daar 'n kort klank of klinker in 'n woord is,
verdubbel die medeklinker ná die kort klinker.



Skryf die meervoude vir die woorde:

Dwars

- | | |
|--------|----------|
| 3. som | 11. tor |
| 5. mol | 12. nul |
| 6. bus | 15. vis |
| 7. hek | 16. blom |
| 8. pen | |

Af

- | | |
|---------|---------|
| 1. bok | 9. nar |
| 2. blik | 10. vel |
| 4. mes | 13. les |
| 7. hen | 14. os |
| 8. pit | |

Rymwoorde

Datum: _____



Lees die rympies en merk die rymwoorde met dieselfde kleur.

Wat maak die koei
daar by die bos?
Ek hoor haar loei,
sy soek haar kos.

Daar is 'n groot haai
Ek kyk en skrik
en begin hik!
Die haai swem in die kaai.

- Lees die woorde in die blok.
- Kleur woorde wat rym met dieselfde kleur in die onderste blok in.

want	word	dit	koei	gooi	goed	mooi
groei	roep	sien				

kwaad	mes
twee	raad
swaai	see
kwes	raai
roer	stoei
vloei	hooi
koud	goud
gooi	broer
groei	nooi
strooi	soet
voet	bloei



Datum: _____

Aai

'n Groentetuin fraai.
Saai gou groentesaad,
tamaties, kool en slaai.
Dis 'n plan ou maat!

- Lees die gedig en skryf jou eie.
- Gebruik die woorde om die wolke om jou rympie te skryf.

